

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-MAGALIESKRUIN

NUUSBRIEF

2 Junie 2019 **Nr. 716**

Ons verwelkom ALLE besoekers saam met ons in die huis van die Here!
Nuwe intrekkers – bly ASB vir 'n oomblik agter na die erediens sodat Ds Gert met u kan kennis maak !

Predikant:	Ds Gert Erasmus	Tel: 012 548 6228	Sel: 076 839 6973
Skriba:	Br Piet Prinsloo		Sel: 072 117 6117
Attes-skriba:	Br Neels Taljaard		Sel: 082 975 6444
Susterssake:	Sr Erica Arnold		Sel: 082 557 8721
Adminbeampte:	Magda Schoeman	Tel: 012 548 0913	
Kantoorure:	Dins, Don & Vry vanaf 08:00 – 13:00		
Koster:	Stefaans Dalisile		Sel: 079 558 7216
E-posadres:	admin@gkmagalieskruin.co.za	Webwerf:	www.gkmagalieskruin.co.za

EREDIENSTE

Oggend 10:00 **Ds Petrus Venter**

Skriflesing:	2 Petrus 3: 1 - 14
Teks:	2 Petrus 3: 6 & 7
Tema:	Hou rekening met Christus se hier wees op aarde.
Sang:	Ps 92: 1, 3 Ps 48: 4, 5 Ps 98: 2 Ps 98: 1, 4
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Thusofonds

Aand 19:00 **Ds Gert Erasmus**

Skriflesing:	1 Korintiërs 11: 17 – 34
Teks:	1 Korintiërs 11: 23 – 29
Belydenis:	NGB Art 35
Tema:	God roep ons deur sy Woord sodat ons in die tekens van die nagmaal, Jesus Christus sal raaksien!
Sang:	Ps 103: 1, 3 Ps 116: 7, 9, 10 Ps 111: 1, 5
Kollektes:	Diens van Barmhartigheid Hulp in Kerkverband

SAMESANG AAND 18:45: Ps 38: 11, 12, 13 & 14 Ps 39: 6, 7 Sb 9-4: 1 & 2 (21)

Volgende Sondag: PINKSTER	**Oggend**	**Aand**
9 Junie	GKSA Sustentasie	Hulp in Kerkverband

Preke op CD:
Plaas u bestelling op Magalieskruin se bestelvorm (knipbord regs op die trollie in die portaal) of telefonies by Ryno van Emmenis, 079 562 9560. Elke CD kan 2 volledige eredienste bevat, van dieselfde Sondag of van verskillende Sondae, of 3 net lees en preek.
Koste: **R30 per CD** enkel in kassie, **R50 per 2 CDs** in een dubbelkassie. Kry u CD in die rakkie op die trollie en plaas u betaling in die koevertjie wat saam met die CD kom en gooi asb in die kollektesakkie.
Preke op die webwerf:
Volledige eredienste is ook in klank beskikbaar.

Afsprake met ds Gert Erasmus

Dit is uiteraard so dat ds Gert, vanweë werksdruk nog nie by elke lidmaat persoonlik kon uitkom nie. Lidmate wat graag persoonlike afsprake met hom wil reël is egter altyd welkom. Kontak hom gerus persoonlik of via Magda by die kantoor. Neem asb die vrymoedigheid!!

VIR MEELEWING

Verwelkoming
- Aan alle besoekers saam met ons! In besonder dr Petrus Venter van GK Pretoria wat vanoggend die erediens lei en sy eggenote sr Christine.

Meelewing
- Baba Carina, dogtertjie van br Henry (079 342 4209) en sr Angelique (071 604 5602) Coetzee is in Montana Hospitaal,
- Br Kobus de Wet (084 769 3121) is in Unitas Hospitaal,
- Sr Anke Vergeer (082 851 5279) wat in Polokwane in die hospitaal is.
- Br Gordon Carver (073 189 4656) wat weer in die hospitaal opgeneem is.
- Sr Meisie Groenewald (072 123 4460) wat in die hospitaal was,
- Sr Welma Janse van Vuuren (082 781 2048) wat in die hospitaal was,
- Br Wessel van Niekerk (083 655 4991) wat in die hospitaal was.
- Ons dink aan die volgende lidmate in ons gebede: br Andries Nel (Huis Blymoedig); br Kallie (072 120 6345) en sr Estelle Steenkamp (072 120 6345); sr Elsa van Wijk (082 460 8262) wat by haar huis aansterk. Baie sterkte met die herstel na 'n lang siekbed.
- Ons dink aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke mediese prosedures moes ondergaan!
- Ons dink ook aan ELKE lidmaat wat die afgelope paar weke operasies moes ondergaan! Sterkte met die herstel en rehabilitasie!

Leedwese
- Sr Anna Viljoen is Maandag oorlede en die troosdiens het Vrydag plaasgevind. Ons innige meegevoel met br Martin, haar eggenote en br Piet en sr Riekie Prinsloo asook sr Kotie Prinsloo wat hulle suster moes groet.

ONS DANK DIE HERE SAAM MET
- Br Willie van der Merwe (072 651 8529) wat DV op 6 Junie 76 jaar oud sal wees.
- Sr Fransie de Klerk (073 895 4528) wat DV op 7 Junie 90 jaar oud sal wees.
- Sr Henriette Schutte (082 325 0751) wat DV op 8 Junie 75 jaar oud sal wees.

Verjaarsdae
Mag die Here aan u 'n geseënde jaar en 'n dag vol vreugde gee!

Junie	Sondag	02	Janru Labuschagne	076 708 3104
		02	Elise Spies	082 654 9214
	Dinsdag	04	Annatjie Cronje	012 524 3184
	Woensdag	05	Netsa du Preez	082 495 1238
		05	Johan van Wijk	073 286 8903
		05	Elsa van Wijk	082 460 8262
		05	Jéani Wehmeyer	082 301 1018
	Donderdag	06	Willie van der Merwe	072 651 8529
		06	Ryno van Emmenis	079 562 9560
	Vrydag	07	Fransie de Klerk	073 895 4528
	Saterdag	08	Anél Alcock	072 406 2581
		08	Henriette Schutte	082 325 0751

VAN DIE KERKRAAD

Katkisasie
Gr 0-11: Vandag: Opening in die kerk. Daarna Les 13 vir gr 0-7. Bybelstudie vir gr 8-11.
Vir ons Hoërskool Katkisante - ONTHOU:
Ons het reeds afgesluit vir die Junie vakansie. Sterkte met julle eksamen!!!

Neem Kennis dat die AAA – Aksie vir Alle Afgetrede lidmate en Tuisteskeppers 'n nuwe naam het!!

U word in die vervolg hartlik uitgenooi na 'n gesellige saamkuier oggende by die ***SILWERKRONE***!!
(Dit sluit alle lidmate in vanaf die oomblik wat hulle begin grys hare kry.)
Ons volgende byeenkoms is die 27ste Augustus 2019!!

Alle kommissies en lidmate

Alle berigte wat in die nuusbrief moet verskyn **MOET** op die laatste **Donderdag om 12:00** reeds in "Word" formaat **na die kantoor gestuur word**. Geen laat berig sal in die betrokke nuusbrief geplaas kan word nie, maar moontlik wel in die voorportaal. Indien daar dringende inligting afgekondig moet word oor gebeure wat na die afsnytyd gebeur het, moet dit asb gestuur word na ds Gert se e-pos: *dsmagalieskruin@gmail.com*

Verandering van u persoonlike inligting

Indien enige van u inligting verander het, soos adres, telefoonnommer, beroep of e-posadres, vra ons dat u asseblief die inligting na die kantoor toe sal deurgee. Daar is ook nou, vir u gerief, 'n rakkie in die portaal vir hierdie doel geplaas, asook enige inligting wat u sou versoek om in die nuusbrief of onder die kantoor en/of ds Gert se aandag te bring. Hierdie rakkie sal op 'n Dinsdag tydens die adminvergadering deurgegaan word en die nodige aandag geniet.

GEMEENTE-AKTIWITEITE

Bybelstudiegroep

Groep 1 (Henriette Schutte – 012 548 2295 / 082 325 0751) – Woensdag 5 Junie om 09:30 in die konsistorie. Saam probeer ons die Psalms beter verstaan. Alle susters is welkom, al wil jy eers net kom luister. Dit vra slegs 'n uur van jou tyd.

Groep 4 (Hannes Spies: – 082 670 9509) – Woensdag 5 Junie om 15:00 by die Villas.

Eljadahuis

Onthou die "Bring-'n-Blik" projek (bring elke Sondag net een blikkie kos kerk toe) vir Eljada!! Hulle onmiddellike krisis is suiker, koffie, pasta en boksiemelk. Die ander behoefte is nie-bederfbare items soos blikkieskos, pakkies tee, ontbytpap, broodsmere en toiletware. Enigiets wat in 'n huis gebruik word, behalwe luukshede (vir óns: "bederfies") is welkom. Ook daardie klein komplimentêre sepies, sjampoe en ander toiletware wat so lastig in jou huis rondlê, kan baie goed aangewend word hier. Hulle nood bly dieselfde vir daaglikse kos, klere en ander lewensmiddelle.

Gereformeerde vriendekring

2019 MIDWEEK-WEGBREEK: - **MAAK GOU DIE TYD LOOP UIT!!!**
ATKV Buffelspoort - DV 16-20 September 2019
Koste: R3 475 per persoon wat deel. U het reeds u deposito betaal.
Res van die betalings: Junie R600; Julie R600; Augustus R575
Ons het nog plek vir twee gaste. Skakel Mariki 012 548 9082 so gou as moontlik.

Dagboekdatums

Woensdag	5 Junie	Bybelstudie (Henriette – konsistorie)	09:30
	5 Junie	Bybelstudie (Hannes Villas)	15:00
	5 Junie	Bybelstudie Jeug	19:30

SUSTERS

Bankbesonderhede vir Sustersbydrae

Rekeninghouer:	Susters GKPM	**Bank:**	Standard Bank
Rekeningnommer:	034 633 758	**Takkode:**	**0**51-001
Verwysing:	Naam, Van en Wyknr.	**E-pos adres:**	magaliessusters@gmail.com

Teeskinkbeurte

Kom geniet 'n koppie tee of koffie onder die afdak!
2 Junie Wyk D4 Coby Treebus
Wyk E1 Magda Lerm
Wyk E2 Hendrina Stoltz

SUSTERS



WARMHARTIGHEIDSPROJEK

BAIE DANKIE vir al die al die donasies, skenkings en handwerk wat ons gereeld ontvang. Hierdie projek lê na aan die Susters se warm harte en duur die hele jaar, u kan gerus nog brei en hekel. Alle artikels en skenkings kan voor of na eredienste in die gemerkte krat op die tafel geplaas word. Vir meer volledige inligting oor hoe u ons kan ondersteun en help met hierdie projek sien asseblief die kennisgewingborde.

DS GERT SE DAGBOEK

Maandag:	Begrafnis	10:00 – 13:00
	Toerustingaanbieding – GK Brits	19:00
Dinsdag:	Kantooradmin vergadering	09:00 – 10:00
	Huisbesoek	10:30 – 11:30
Woensdag:	Diens te Ebenhaesar in Waverley	10:00 – 10:45
	Naskoolse Jeug Bybelstudie	19:30 – 20:30
Donderdag:	Klassis Jeug vergadering	10:00 – 11:00
Vrydag:	Voorbereiding	
Saterdag:	Jonk van gees – Magalies bergklim	14:30 – 16:30

Admin asook onvoorsiene pastorale besoeke en hospitaalbesoeke word tussendeur gereël.

BEROEPE ONTVANG

- Ds R Janse van Rensburg (Reghard) van GK Reitz/Lindley na GK Delmas

BEROEPE AANVAAR

- Dr C Botha (Chris) van GK Nylstroom na GK Die Kandelaar

JEUG

Magalies-stap

Almal wat jonk van gees en lief vir die natuur is – voorskool, laerskool, hoërskool, naskool, ouers en grootouers:

Kom klim die Magalies tot die kruin!

Wanneer: Saterdag 8 Junie, vanaf 14:30 tot so 16:30
Waar: Ons vertrek vanaf die kerkterrein of Oom Peet Oelofse se huis
Bring: Gemaklike skoene, kospakkie, waterbottel, sonskerm en hoed (daar sal 'n mediese tas wees)

RSVP Carike Goede (074 602 0090) voor/op 1 Junie

Kom geniet saam die vars lug, leer en waardeer meer van die HERE se skepping!

'Leer ons om ons dae so te tel dat ons 'n wyse hart mag bekom' Ps 90 : 12

PITKOS VIR DIE PAD

– die hande en voete van kerkwees!

LET WEL: Ons volgende **besprekingsgeleentheid skuif met een week aan na**

Dinsdagaand, 11 Junie om 19:00 in die kerksaal.

Ons besin vanjaar saam oor **kerkwees in praktyk en fokus die keer op die vrou.**

Ds Ben Smit van die Gereformeerde kerk Meintjieskop, kom praat met ons oor

'Die Hoeksteen en die gebou'.

Word hierdeur verryk om so in vandag se omstandig-hede prakties ons christenskap uit te leef. Kom luister, gesels en deel 'n koppie koffie of tee saam.

Almal is baie welkom!

GEMEENTEFUNKSIE – 26 JULIE

'N SOP-EN-SJERRIE SIMFONIE

Neem asseblief kennis dat die Susters se beplande wegneem-ete geskeduleer vir hierdie datum verander na 'n gemeentefunksie.

DAGBOEK ASSEBLIEF DIE DATUM
HIERDIE GELEENTHEID WIL U NIE MISLOOP NIE!!

Staan nader musikante oud en jonk

bring die instrument waarmee jy pronk

of jy die trekklavier of konsertina bespeel

kitaarsnare tokkel of vioolsnare streel

die trompet of tromboon luid laat weerklink

dit is vir jou wat ons wil nader wink!

Alle belangstellende musikante kontak asseblief vir
Huib Verhoef: 082 578 9106 of Erica Arnold: 082 557 8721